PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

Gereformeerde Kerk Benoni

Rom 12:2

Polsslag

14 Oktober 2018

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

VRA JOU VRAE, VOORSTELLE OF KOMMENTAAR:
https://goo.gl/WFtT3F

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

09:00 Oggenddiens

ds. Johan Jordaan

***Skrifgedeelte**: 1 Korintiërs 1:1-17*

***Fokusverse**: 1 Korintiërs 1: 4-9*

***Preektema:** Die Here seën sy gemeente ryklik!*

17:00 Lof- & Aanbiddingsdiens

Waldo Niemand

18:30 Aanddiens

ds. Peet van der Walt

KOINONIA *Ons gee om vir mekaar*

ONS DOEN VOORBIDDING VIR :

- Ons dra Schalk Venter en sy dogter Ilze en haar man Jaco op vir vertroosting, na Ilze en Jaco se baba, Dian Maandag oorlede is. Mag die Here hulle ryklik vertroos.
- Ons is saam met Elise du Plessis dankbaar dat die kanker nie verspreid is nie. Sy gaan Dinsdag die chirurg sien.
- Marilena Venter se ma, Martie, is in die hospitaal opgeneem vir rugpyn. Sy het 'n prosedure ondergaan om die pyn te verlig.

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS BY DIE EREDIENS.
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE EREDIENS.

BEROEPING VAN PREDIKANT VIR GK BENONI.

Die volgende drietal predikante word aan die gemeente voorgehou waarvan een vandag verkies sal word vir beroeping:

- ds. Dirk Kotzee van GK Alkantrant,
- ds. Dreyer Potgieter van GK Meyerspark, en
- ds. Rynhardt Pretorius van Fochville / Buffeldoorns.

Die gemeentevergadering en verkiesing vind vanoggend om 09:00 plaas. **Alle belydende lidmate moet asb. seker maak hulle het 'n stembriefie ontvang voor die vergadering begin.**

Die gekose predikant het drie weke om die roeping te oorweeg en die kerkraad van sy besluit te verwittig. Sy antwoord word dus verwag voor/op Sondag, 4 November 2018

Die gemeente word versoek om steeds voorbidding te doen vir die lyding van die Heilige Gees in die beroeping

Enige navrae kan aan Schalk Venter (sameroeper van die beroepingswerkgroep) gerig word op 082 786 4527

OUDERLING DIENSBEURTE	
14 Oktober	Erika Buma
21 Oktober	Helgard Potgieter
TEESKINKBEURTE - OKTOBER	
14 Oktober	Wyk A2
21 Oktober	Hannes vd Linde & kinders
28 Oktober	Wyk D17

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK			
DAG	**TYD**	**GELEENTHEID**	**KONTAKPERSOON**
Vandag	09:00 Na diens 18:00	Gemeentevergadering & erediens Katkisasie graad 1 - 7 Katkisasie graad 8—11	
Maandag	09:30 19:00	Rynpark 5 Bybelstudie Volwasse kategese	Adri Goede 083 654 4821 Braam Krüger 082 459 5636
Dinsdag	09:00	Koördineringsvergadering	Ronel Ritchie 081 218 3048
Woensdag	09:30	Palms (seniorlidmaatbyeenkoms)	Una Steyn 083 309 4017
Donderdag	19:00	Bybelstudie: Studente en jongwerkendes	Nico Boshoff 081 049 7066
Vrydag	06:30 09:00	Mans gebedsgroep Bybelstudie met Braam	Schalk van Eeden 082 561 9409 Braam Krüger 082 4595636

GKSA BEROEPENUUS

BEROEPE AANVAAR:

- Ds MJ Lourens (Thys) van Vaalpark na Nelspruit/ Barberton kombinasie.

VERJAARSDAE 14 - 20 Okt

BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER!

DAG	NAAM	KONTAK NO.
Vandag	Juan Kotzé Harm Veenstra *	083 262 1533 083 234 3477
Ma 15/10	Jana Bezuidenhout * Cornel Boersma	084 517 7988 072 273 8904
Di 16/10	Gerrie du Randt Lynette Louw Magdaleen Steytler	082 950 7040 082 687 2165 072 282 0822
Wo 17/10	Sarel du Plessis Hein van der Merwe ☺ Riaan van Wyk	083 390 2047 076 410 8836
Do. 18/10	Johan Briel Ina Lourens	082 925 8696 083 652 2248
Vr. 19/10	Wessel Swanepoel * Pikkie van der Walt **	082 890 8314
Sat. 20/10	Denise Fourie Hennie Rost	072 657 2548 082 718 1318

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

PALMS - 17 OKTOBER @ 10:00

in die saal

Alle lidmate 60 jaar en ouer word genooi om lekker saam te kom kuier.
Lu-Anel, 'n jong elfjarige sangeressie wat gereeld optree by funksies, gaan saam met ons kuier en optree.

Dit beloof om 'n heerlike oggend te wees.

Kontak: Una Steyn op 0833094017

DUST GAAN KAMP!

TEMA: HOE OPENBAAR GOD HOMSELF DEUR SKRIFTUUR EN NATUUR.

Wanneer: 19 - 21 Oktober 2018
Waar: Klipdraai karavaanpark in Meyerton.
Wie: Alle gr 7 tot 12 katkisante
Koste: R350 pp

Navrae en besprekings kan gedoen word by Melanie by 072 592 8866 / dustjeug@gmail.com

I D O P

(international day of prayer for the persecuted church)

GEBEDSDIENS

4 NOVEMBER 2018

Ons gemeente hou weer n gebedsdiens op 4 November 2018 om 18:30.
Daar sal nie daardie dag 'n Lof- & Aanbiddingsdiens wees nie.
Spreker tydens die diens is Hannelie Groenewald wat haar getuienis kom gee en vertel hoe sy weer uit die as opgestaan het.
Kom loof die Here, luister en bid saam.
Nooi familie en vriende.

OMGEWINGSPITKOS

Ons aanskoulike belewenis van die natuur se gang word reeds in Gen. 8 : 22 saamgevat. 'Van nou af sal al die dae van die aarde, saai en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie ophou nie'. Elke jaar se bekoorlike seisoenssimfonie is 'n Godgewilde (Ps 74 :17) natuurritme wat in sy volheid so 'n noodsaak vir skeppingswelvaart is. Dit griffeer polsende emosiesnitte ook in jou verstaan van die tweeprag Skrif en natuur.

Benadruk balans en werklikheid, en laat jou die nut en sin van bestaan beter insien. Lof aan die Here omdat God alles planmatig met 'n doel geformeer het – om aan die mens op aanskoulike wyse die evangelie van verlossing te bring (Jes. 55:10,11).

2019 ALMANAK

Die Almanak van die GKSA is propvol inligting:

- Dagstukkies
- Gemeente inligting
- Algemene inligting
- **NUUT:** QR-skandering wat padaanwysings na kerkgeboue op jou slimfoon toon

Bestel jou 2019 Almanak by Ina Bolt 084 339 1136

GRASPERK BUITE DIE SAAL

Het jy gewonder waar die houtbankies wat op die grasperk was heen is?
Wel, die wind en die weer het sy tol geëis, en nadat die bankies met baie liefde, sorg en dank 'n paar keer herstel was, moes ons die bankies verwyder uit vrees vir besering.
Ons vra nou uit die gemeente voorstelle vir nuwe idees vir die grasperkarea.
Die sitplekke moet prakties wees vir gemaklike kuierplek op Sondae, maar verkieslik ook maklik skuifbaar as die grasperk vir ander doeleindes gebruik word, en natuurlik weerbestand.
As jy 'n voorstel het stuur dit gerus aan iemand op die koördineringsdiensgroep of kom gesels met een van ons.
Daar sal uiteraard ook kostes aan verbonde wees, waarvoor ons 'n fondinsameling sal hou sodra ons goedkeuring daarvoor verkry het.

Kontakpersone:

☎ Braam Krüger 082 459 5636
☎ Fritz Haasbroek 083 478 9869
☎ Elma Jansen 082 647 8948
☎ Ina Bolt 084 339 1136
☎ Ronel Ritchie 081 218 3048

DS. LOUIS BUYS UITTREEPREEK

Klassis Verre-Oosrand het tydens hul vergadering van 15 September 2018 saam met die deputate van die Oostelike Streeksinode dit bewillig dat ds LJ Buys (Louis) ingevolge KO, art 13 weens siekte emeriteer.
Ds. Buys sal sy uittreepreek **Sondag 25 November** 2018 vanuit ons kerkgebou lewer, waarna daar 'n ete aangebied sal word ter ere van die Buys-gesin.
Almal word hartlik uitgenooi na die erediens 25 November 2018 @ 09:00.
Lidmate wat die ete ná die erediens wil bywoon moet, vir spysenieringsdoeleindes, asb. RSVP voor /op Sondag 18 November deurna hierdie skakel te gaan : https://goo.gl/8guvbU

Of **Skakel Ronel Ritchie**

☎ 081 218 3048 / ✉ ronel@gkbenoni.co.za

Gereformeerde Kerke JEUG

FRANKFORT RIVIERTOER 2018
Hoërskool kinders gr 8 –12

SONDAG 2 DESEMBER 2018 TOT DONDERDAG 6 DESEMBER 2018

TEMA: Die Woord is skerper as die swaard!
Kampkoste: R 800 per kind
Inskrywingsvorms is beskikbaar by hierdie skakel :
https://goo.gl/pogGXt

Getallebeperking: 150x kinders
Alle ouers en kinders is welkom om die Riviertoer saam met ons in te lei met 'n gesamentlike erediens om 9:30 die Sondag-oggend in die GK Frankfort.

Kontak gerus vir Sanette ☎ 073 027 9181
met enige navrae!

OOSTELIKE STREEKSINODE
20 NOVEMBER 2018

Die Oostelike Streeksinode is 'n meerdere vergadering van predikante en ouderlinge van gemeentes in die streek wat sake bespreek en besluite neem wat die kerke gemeenskaplik raak. Hierdie vergadering vind hierdie jaar by ons, GK Benoni plaas op Dinsdag 20 November. Daar word omtrent 80 verteenwoordigers verwag, waarvan party van vêr kom, en moontlik die Maandag 19 November al moet deurry.

As jy moontlik een of meer persone kan akkomodeer wat die Maandag en/of die Dinsdag dit mag nodig hê, sal dit opreg waardeer word.
Laat Ronel Ritchie 081 218 3048 of Braam Krüger 082 459 5636 weet indien jy kan help.

VETKOEK ELKE VRYDAG.

Vetkoek met matige kerrie teen R25 elk, of sonder vulsel teen R5 elk. Bestel voor Donderdae 12:00 om tussen 17:00 & 18:00 by die kerk af te haal.
Kontak Erika Kearns 073 251 8077

SOEK DIE BYBELVERS.

Verlede week se antwoord: 2 Konings 15: 1
" In die sewe en twintigste regeringsjaar van koning Jerobeam van Israel het Asarja , seun van koning Amasia van Juda, op die troon gekom."

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur: Jan Bakker; Martie Gibson; Jan Lubbe; Martie Gibson en Chrissie Pretorius

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Jesus het toe ?????? ??? ???????????? gaan sit en kyk hoe die mense geld daar ingooi. Baie ryk mense het geld ingegooi. Daar het toe 'n arm
weduwee gekom en twee muntstukkies ingegooi. Dit was baie min werd"
Vraag: Waar in die tempel het Jesus gaan sit toe die arm weduwee ingekom het?

Lees gerus Markus en verskaf die verse waar dit staan, en SMS die naam met jou Naam en Van na 082 873 3173.

KOLLEKTES

7 Oktober Kollektes:
Diens van Barmhartigheid R 5742
Mukanyo Teologiese Skool: R 1749

Vandag se kollektes :
Onder die diens: Diens van Barmhartigheid
By die deure: Kerkkas

Volgende week: Teologiese studentekas

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

OF SNAPSCAN

Diens van Barmhartigheid | Kerkkas